# Die Akker
## Nasorgsentrum

U kind se tuiste
weg van die huis

#tuis #veilig



Die Akker Nasorgsentrum bied soveel meer as bloot toesig. U kind sal die geleentheid hê om na skool in 'n veilige omgewing huiswerk te doen, sport te beoefen en natuurlik, te ontspan as die dag se verantwoordelikhede afgehandel is.

Die Akker Nasorgsentrum bied eksklusiewe versorging na skool-ure aan ingeskrewe Laerskool George-Suid leerders. Na die laaste skoolklok lui, word nasorgleerders in 'n rustige omgewing gehuisves. Die meeste ouers werk voltyds en druk om saans die gesin te versorg en huiswerk te doen, kan 'n bekommernis word.

## Nasorg bied die volgende:

- Gekontroleerde studie onder voltydse toesig.
- Verrykingsprogramme vir kinders.
- Noodhulp: Vlak 3.
- 'n Veilige speelterrein.
- Toegang tot alle sportaktiwiteite op die skoolterrein.
- Vakansiesorg (Desember vakansie uitgesluit) .

## Nasorgtye insluitende skoolvakansies

- **Gedurende skoolkwartaal:**
  Maandae tot Vrydae 14:15 - 17:15.
- **Afhaal van Gr 1- en 2-leerders:**
  By die NG Kerk se pastorie-huis in Cradockstraat.
- **Afhaal van Gr 3-leerders:**
  By Hek 2 (voor Graad 1 klasse) in Laingstraat.
- **Afhaal van Gr 4 - 7-leerders:**
  By die NG Kerk se elektroniese hek in Fichatstraat.
- Ouers word versoek om leerders nie later as 17:15 af te haal nie. (Boetes vir laatkommers sal betaalbaar wees.)
- U kind se veiligheid is prioriteit! Verseker asseblief dat gemagtigde persone wie u kind bedags mag afhaal, duidelik in die huiswerkboekie aangedui word. Enige ander reëling, moet skriftelik aan die Nasorghoof gegee word. Hierdie reëlings geld ook vir afwesighede.




## Konsepprogram

**Gr RR en R**

| | |
|---|---|
| **13:00** | Oorstap/eet |
| **13:30** | Vrye spel |
| **17:15** | Sentrum sluit |

**Gr 1 tot 3**

| | |
|---|---|
| **13:00** | Oorstap/eet |
| **13:30** | Huiswerk in klasse |
| **15:30** | Buitespel |
| **17:15** | Sentrum sluit |



**Gr 4 tot 7**

| | |
|---|---|
| **14:00** | Oorstap/eet |
| **14:30** | Huiswerk en studie (verpligtend, algehele stilte) |
| **15:30** | Ontspanning en buitespel |
| **17:15** | Sentrum sluit |

## Vakansies

Die Akker Nasorgsentrum is alle skoolvakansies oop behalwe Desember.

## Nasorgbeleid

- Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool George-Suid en George-Suid Pre-Primêr word toegelaat by "Die Akker".
- Die onderskeie gedragskodes en dissiplinêre stelsels van Laerskool George-Suid en George-Suid Pre-Primêr is van toepassing op alle ingeskrewe nasorgleerders.
- Ouers moet jaarliks her-aansoek doen vir toelating by die nasorgsentrum. 'n Keuringsproses vind plaas op gronde van meriete, insluitend dissiplinêre- en gedragsprobleme.
- Leerders wat hul skuldig maak aan dissiplinêre probleme, sal met onmiddellike effek hul plek by "Die Akker" verbeur.

## "Die Akker" hou van orde

- Leerders meld aan by hul lokaal vir registerkontrole voor en na nasorg. Hierdie reël moet stiptelik nagekom word ten einde u kind se veiligheid te verseker.
- 'n Leerder se huiswerkboekie moet te alle tye in sy/haar besit wees.

## Nasorgfooie

- Leerders word vir die volle jaar ingeskryf. Indien u nasorgdiens wil beëindig, moet u een kalender maand skriftelik kennis gee.
- 11 Maandelikse paaiemente (Januarie - November).
- Nasorgfooie is streng vooruitbetaalbaar vir voorbereiding van etes.
- Fooie bly dieselfde sou 'n kind net sekere dae bywoon.
- Betalings is maandeliks vooruitbetaalbaar en moet deur die finansiële kantoor voor of op die 5de van elke maand ontvang word.
- "Die Akker" word bedryf as 'n outonome finansiële instelling. Indien ouers versuim om finansiële verpligtinge na te kom, sal alle dienste aan betrokke leerders onmiddellik gestaak word.
- Geen leerder met uitstaande nasorgskuld van die vorige jare, sal die daaropvolgende jaar geakkommodeer word nie.

Aansoekvorms en 'n volledige beleidsdokument
is beskikbaar op www.lgs.co.za of by LGS Ontvangs.







**TEL:** Kantoorure (08:00 - 17:00)
044 873 3464 / 073 899 8313

**WEB:** www.lgs.co.za

**E-POS:** aansoeke@lgs.co.za / nasorg@lgs.co.za

**ADRES:** H/V Laing- & Meadestraat, George-Suid